



### **Carma se enkelsnit, Oase, gaan jou siel voed deur tye van droogte**

Met Carma se nuwe enkelsnit, Oase, wil sy mense se harte raak en met die treffende boodskap - dat elke donker tyd tog met groei gepaardgaan - sal luisteraars verkwik word met dié gedagte aan 'n silwer rand om elke donker wolk.

Oase, uit die pen van die bekroonde liedjieskrywer Johan Oberholzer, is geskryf vir Carma en is so geskryf om die goue dele in haar stem te beklemtoon. Die liedjie lê Carma baie na aan die hart want dit is geskryf kort na die afsterwe van haar Ma.

“In so hartseer tyd was daar ook ‘n oase van my Ma af - ‘n finansiële bydrae tot my droom. Deur my droom nou uit te leef verwerk ek ook só die seer en die verlange na my Ma,” het sy vertel.

“Dit is ook byna soos ‘n voltooide sirkel want my Ma het al baie hartseer in die lewe ervaar en nou is sy by haar eie oase - aan die voete van die Here,” verduidelik Carma.

Oase is die eerste liedjie wat deur iemand anders geskryf is - sy skryf en komponeer haar eie musiek. Johan Oberholzer is bekend vir sy treffers en wou sy graag werk met die beste van die beste.

Die musiekvideo vir dié liedjie is ook reeds verfilm en die uniekheid van ‘n pragtige ontwerpersrok, die duine soos Namibië net buite Krugersdorp en ‘n interessante haarstyl sal sorg vir die uniekheid van die video.

Met ‘n kragtige ballade soos hierdie - en die country-aanslag wat ook ingewerk is - sien Carma uit daarna dat dié liedjie in die kol sal wees vir enige geleentheid.

“Mense moet na Oase wil luister vir hoop, as hul hartseer is, as hulle nostalgies wil raak en ook as hulle sommer net nuwe en goeie herinneringe wil maak,” het sy gesê.

Die enkelsnit, Oase, kan geluister word op iTunes, Google Play, Spotify en alle digitale musiekplatforms. Die musiekvideo hiervoor word op 27 April, Vryheidsdag, deur Maroela Media vrygestel en hoop Carma om ‘n sterk boodskap daarmee te versprei.

Carma is ook ‘n onderwyseres van Potchefstroom wat glo dat elke droom wat ‘n mens het, deur God in jou geplaas is. Dit is juis daarom dat sy nooit sal ophou werk om haar droom te bereik nie.

Haar eerste enkelsnit Sonder Liefde, wat sy self geskryf het, word gereeld op radiogolwe gehoor en was ook vir ses weke lank op een van die land se voorste radiostasies se top 20-ranglys.

Volg Carma gerus op sosiale media platforms om op hoogte te bly van haar optredes en vrystellings.

**Vir enige navrae kontak:**

**Talana Kuhn (talana@marketingzoo.co.za)  
Wian Smith-Venter (wian@marketingzoo.co.za)**

**The Marketing Zoo**



THE  
**MARKETINGZOO**  
MARKETING IN ITS WILDEST FORM